SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Neels Kornelius

Herfs 2020

VAN DIE REDAKTEUR:

Goeiedag almal,

Ek hoop opreg dat julle feesseisoen werklik so was . . . feestelik, plesierig en fantasties! Dis maar moeilik om te aanvaar dat die vakansie al lankal verby is en dat die derde maand van die jaar al op ons is. En, vir dié van julle met nuwejaarsvoornemens, ek vertrou dat julle nog daarby hou en dat julle goed vaar met die behaal van julle doelwitte en aspirasies. Kom ons hoop dat die derde dekade van hierdie eeu vir ons almal 'n uitmuntende tyd sal wees!

Onthou tog, soos altyd, dat hierdie *julle* nuusbrief is. Neem dus gerus die vrymoedigheid om ons te kontak met navrae of as julle besorgd is oor 'n saak wat julle na aan die hart lê of waaroor julle kommentaar wil lewer. Alle kommunikasie kan gerig word aan shelleypointnews@gmail.com

Met vriendelike groete,

Terry - shelleypointnews@gmail.com

Shelley Point Nuus is vier jaar oud!

Dit is moeilik om te glo dat ons gemeenskapsnuusbrief nou al vier jaar oud is en meer as een duisend mense, oral in Suid-Afrika en ook oorsee, bereik. Die nuusbrief is begin om kommunikasie tussen die SPHEV en ons lede te verbeter en hulle ingelig te hou oor alles wat in Shelley Point aan die gang is. Ek wil graag dink dat ons hierdie doel wel bereik en dat ALLE lede voel dat hulle op hoogte bly. Daar is nou eintlik reeds verskeie platforms beskikbaar wat die verspreiding van inligting kan bevorder. Daar is ons webblad, www.sphoa.co.za, terwyl ons Landgoedbestuurder en Admin. Beampte ook gereeld e-posse aanstuur wanneer omstandighede dit vereis. Verder stuur Residentia Trust ook berigte aan saam met die rekeningstate wanneer nodig. Daar is ook twee baie aktiewe Shelley Point Whatsapp-*groepe waarby eienaars en inwoners kan aansluit as hulle wil (verwys na die besonderhede op die laaste bladsy). Ons nuwe SPHEV voorsitter, Carlos Gomes, sal ook nog meer kommunikasie-inisiatiewe voorstel (lees meer hieroor elders in hierdie nuusbrief).*

Ons sal binnekort 'n vraelys uitstuur oor die nuusbrief en ander vorms van kommunikasie om te probeer vasstel wat julle, die lede, graag wil hê betreffende die inhoud van die nuusbrief, maar ook oor kommunikasie in die algemeen. Hou dus maar dop en neem maar 'n paar oomblikke, wanneer die vraelys julle bereik, om julle menings te gee sodat ons die nuusbrief kan aanpas waar nodig.

VAN DIE VOORSITTER (Carlos Gomes):

Baie dankie vir die vertroue wat in my gestel is, toe ek as voorsitter van die SPHEV verkies is.

Waar die nuwe Trustees nou die uitdaging aanvaar om voort te bou op die werk van ons voorgangers, erken ons graag en bedank die uitgaande trustees ook daarvoor dat hulle die SPHEV in 'n beter toestand gelaat het as waarin hulle dit gevind het – iets wat ons ook graag wil bereik aan die einde van ons dienstermyn.

Ek hou daarvan om take aan te pak met die oog op "die einddoel" en die trustees het reeds hieraan begin werk en sal julle voortdurend op hoogte hou en ook raadpleeg.

JULLE deelname by die bepaling van hierdie "einddoel" sal leiding aan die Trustees verskaf wanneer ons moet besluit oor belegging in verdere infrastruktuur, fasiliteite en dienste wat benodig word en ons help om te bepaal watter finansiële bronne nodig is daarvoor.

Intussen, omdat bostaande geruime tyd sal neem om te kristalliseer, het ons vir 2020 ses strategiese doelwitte gestel, soos volg:

1. **Uitsluitsel oor die dispuut met die Ontwikkelaar:** Ons sal voortgaan, deur middel van die CSOS of by wyse van 'n ooreenkoms, om 'n regverdige uitkoms te verkry in die dispuut met die Ontwikkelaar. Die beginsel dat 'n minderheidsentiteit, wat geen heffings betaal nie, 'n "vetoreg" het oor SPHEV-sake en finansies is net nie aanvaarbaar nie.
2. **Beskerming van ons finansiële volhoubaarheid:**
   - Beskerm die balansstaat van die SPHEV deur gesonde bestuur en beheermaatreëls.
   - Aanhoudende kritiese beoordeling van uitgawes om optimum uitkomste te verseker.
   - Sorg dat heffings toepaslik en redelik is (in vergelyking met soortgelyke landgoedere).
   - Gerigte optrede om agterstallige heffings in te vorder.
   - Beplanning wat "spesiale heffings" so ver moontlik sal uitskakel.
3. **Bestuur van veiligheid en sekuriteit:**
   - Die bedreigings van die heersende sosio-politieke omstandighede is buite ons beheer, maar kan verminder word deur die gebruik van die beste maatreëls en tegnologie wat beskikbaar is om die lewe en eiendom van ons lede, inwoners, werknemers en besoekers te beskerm.
   - Ontwikkel 'n raamwerk vir beoordeling van veiligheids- en sekuriteitsrisiko's. Onderneem 'n oudit deur 'n deskundige wat onafhanklik is van die huidige diensverskaffer.
   - Die ouditbevindings moet deur die Trustees beoordeel word, sodat toepaslike wysigings aangebring kan word.
   - Vestig waardegedrewe verhoudings met die bevelvoerder van die SAPD in St Helenabaai en bestaande polisieforums.
4. **Instandhouding en verbetering van infrastruktuur:**
   - Beplan en voorsien toepaslike en geskikte fasiliteite en dienste met die doel om lede in staat te stel om die lewenswyse wat hulle verkies te geniet, soos byvoorbeeld sosiale verkeer, sportfasiliteite en die vryheid om te "lock-up-and-go".
   - Beskerm alle bates van die SPHEV deur middel van gereelde en doelmatige instandhouding en herstelwerk.
   - Versigtig beplande belegging in verbeterings aan die estetiese voorkoms van die landgoed op 'n volgehoue en volhoubare wyse.
5. **Aandag aan omgewingsake:**
   - Volgehoue positiewe interaksie met die betrokke belanghebbendes (munisipaliteit, plaaslike nywerhede, St Helenabaai Waterkwaliteit Trust).

- Werk pro-aktief en, waar toepaslik in samewerking met ander belangegroepe, teen ondeurdagte nuwe ondernemings (soos mynbou of windplase) in ons onmiddellike omgewing.
- Beskerming van die flora en fauna op die landgoed. Hantering van indringerspesies (soos wilde katte). (Meer hieroor later – Red.)
- Beperking van negatiewe omgewingsfaktore deur beter afvalbestuur en herwinning.

6. **Verbeter die gemeenskapsgees:**
   - Bevorder 'n gesindheid van verdraagsaamheid en respek wat ruimte toelaat vir individue om elk hul "eie ding" te doen, terwyl hulle tog die impak op ander inwoners in ag neem, veral ten opsigte van die hantering van diere, geraas en sigbare besoedeling.
   - Tydige verspreiding van toepaslike inligting aan lede en belangegroepe.
   - Volgehoue positiewe interaksie met omliggende gemeenskappe.

Ons sal in die toekoms, nie net deur middel van hierdie nuusbrief nie, maar ook deur ander inisiatiewe, julle op hoogte hou van die vordering wat ons maak hiermee.

HUISEIENAARS AAN DIE WOORD:

Die wilde katte op Shelley Point: Henri Roux het die volgende brief aan *Shelley Point Nuus* gestuur waarin hy 'n alternatiewe oplossing voorstel vir die vang/steriliseer/loslaat-strategie, wat deur dierebeskermingsorganisasies aanbeveel word, bespreek: "*Ek het op RSG na 'n program geluister waarin Dave Pepler die welbekende Suid Afrikaanse omgewingskundige, TV-aanbieder en aanbieder van KykNet se program "Groen", luisteraars wie inbel se vrae hanteer en beantwoord. Die dag het een luisteraar die probleem opgehaal waar groot getalle "wilde"-katte wat in hulle Landgoed voorkom, gevang, gesteriliseer en weer daar losgelaat word. Die persoon wou weet of so 'n aksie volhoubaar is en wat Dave Pepler se opinie daaroor is. Dave sê eie woorde was, en waarmee ek volmondig saamstem, dat hierdie katte babafisante, tarentale, dikkop en ander voeltjies vang en uitroei. Selfs verkleurmannetjies en ander diertjies word gevang. Dave se hierdie katte is met ander woorde "kriminele" en wanneer mens hulle weer in jou Landgoed kom vrylaat, bring jy net die "kriminele" terug. En dit sê hy, maak nie sin nie en is dit beter, al klink dit hoe onmenslik, om hulle dan eerder deur 'n Veearts te laat uitsit anders bly getalle dieselfde en uitroeiing gaan voort deur katte wat nie deel van ons natuur is nie!*

Ekself en baie ander Shelley Point inwoners stem hiermee saam dat dit tog die mees logiese manier is om te doen soos Dave Pepler dit uiteensit. Ook moet ek net weer waarsku dat daar tog asb nie met ons eie endemiese Groukat (South African Wild Cat/Cape Wild Cat) gelol en geensins gevang moet word nie. Dit is hul habitat hier en is daar byvoorbeeld 'n groot mannetjie wat feitlik elke dag hier langs ons huis kom water drink. Jy sien hoe hy sy gebied afbaken deur kort-kort uriene teen plante en huismure te sprei en beweeg, met moontlik ook nog ander, die hele Shelley Point deur. (Redakteur antwoord - Ek begryp hierdie perspektief, maar om dit te kan toepas, het die HEV toestemming nodig van die betrokke owerhede en dierebeskermingsorganisasies. Die ongemagtigde afmaak van katte is onwettig en mense wat hulle skuldig maak hieraan sal aan die DBV gerapporteer word. Die SPHEV oorweeg tans verskeie opsies en sal later weer laat weet. Die beskerming van die Afrikaanse Wildekat is problematies, omdat kruisteling gedurig plaasvind en die identifisering van rasegte diere bemoeilik. Waar trek ons dan die streep?)

TERUGVOER VAN DIE SHELLEY POINT RAAD VAN TRUSTEES:

- **Inligting vir/aan huiseienaars:** Volgens SPHEV voorsitter, Carlos Gomes, is dit belangrik dat lede op hoogte bly van sake. Om dit te bereik, sal die SPHEV verskeie "ou" & "nuwe" metodes gebruik:
- **Nuusbrief:** Ons sal voortgaan met hierdie gewilde kommunikasiemetode en lede aanmoedig om by te dra met voorstelle en artikels wat aan die SP admin. kantoor of aan shelleypointnews@gmail.com aangestuur kan word.
- **'Whatsapp':** 'n Amptelike SP huiseienaarsgroep word tans gevorm met die uitsluitlike doel om belangrike inligting aan EIENAARS te versprei. Hierdie platform sal nie antwoorde toelaat nie en is nie bedoel as 'n "chat site" nie (daar bestaan reeds 'n paar platforms daarvoor – party beter as ander). Die SP admin. kantoor sal as administrateur van hierdie platform optree.
- **'Facebook':** Die SP Sport- en Sosiale Klub het ingewillig om die doenlikheid van FB-blad te ondersoek. Ons vra alle lede om deel te neem en dit 'n informatiewe en positiewe blad te maak, aangesien dit 'n belangrike bydrae kan lewer om 'n goeie beeld van Shelley Point uit te dra.
- **Vergaderings:** Om die vloei van inligting tussen Trustees en die lede te bevorder, sal kwartaallikse vergadering gereël word by die bymekaarkomplek van die S&SK. Neem kennis dat hier nie voorstelle hanteer of bindende besluite geneem mag word nie. 'n Vergadering is reeds geskeduleer vir Woensdag 25 Maart van 17:30 tot 18:30.

Ontwikkeling van eiendom: Volgens ons Landgoedbestuurder is daar tans 26 aktiewe bouterreine op Shelley Point waarvan 23 nuwe wonings is. Verder is daar ongeveer 48 bouplanne reeds goedgekeur deur die SPHEV waarvoor die konstruksie nog begin moet word.

Roetine- en spesiale instandhouding beplan vir die volgende drie maande: Soos maar normaal, is daar heelwat roetine- en spesiale projekte vir ons Landgoedbestuurder aan die gang in die volgende drie maande. Hierby ingesluit is: die snoei van die groot palmbome, skoonmaak en behandeling van die plankpaadjies, herstel van die plankpad by 19de Straat, aanbring van spoedwalle waar nodig, plavei van strate, herstel, herseël en verf van paaie, skoonmaak van stormwaterpype en -slote, skoonmaak van spuitfonteine en die bemesting van bome en grasperke. Verder sal die begroting vir 2021 gefinaliseer word.

SEKURITEITSVERSLAG (Daniel Plaatjies en Henry Edmunds):

Nog 'n jaar het verbygegaan en ons is bly om te berig dat daar slegs een ernstige voorval plaasgevind het die afgelope drie maande - 'n opportunistiese inbraak wat in die middel van Februarie by 'n huis in 3de laan plaasgevind het. Oortreders het via die strand toegang tot Shelley Point verkry en die woning deur 'n oop venster binnegekom. Die polisie ondersoek.

Die sekuriteitspan is geweldig besig gehou oor die feesseisoen vanweë die groot aantal hotelgaste en besoekers. Die vakansie vir die boubedryf het darem effens verligting van die normale roetinetake meegebring.

Onthou tog dat inligting vanaf inwoners van groot waarde kan wees. Laat ons dus weet as daar verdagte persone, voertuie of bote teenwoordig is. Wat stropery betref, moenie die bote benader, die bemanning aanspreek, of ligte op hulle skyn nie. Noteer liewer die boot se naam en nommer en stel Sekuriteit in kennis. Hulle sal dan die betrokke owerhede kontak.

OMGEWINGSAKE (Niel du Toit)

Soos julle waarskynlik weet, is Liam Dyason, een van die nuwe trustees, met die omgewingsportefeulje belas. Gedurende 'n informele vergadering wat deur ons Voorsitter, Carlos Gomes, belê is, is beklemtoon dat 'n billike benadering tot omgewingsake die beste werk wanneer daar met die visfabrieke geskakel word. Druk moet egter steeds toegepas word op die betrokke nywerhede, maar veral ook op die verantwoordelike owerhede.

Waterbesoedeling: Die kwartaalvergadering van die St Helenabaai Waterkwaliteit Trust is op 11 Februarie gehou. Die voorsitter was Colin de Kock. Dit is die eerste keer dat 'n gemeenskapslid as voorsitter gekies is. Voorheen was die voorsitter óf 'n verteenwoordiger van een van die visfabrieke óf 'n munisipale beampte. Ons wil glo dat hierdie 'n belangrike ontwikkeling is en hoop dat die Trust voortaan meer doeltreffend sal wees om die waterkwaliteit in St Helenabaai te bevorder. Die pyplyn van 1,3 km wat deur *Lucky Star* geïnstalleer is, het op 26 Januarie ernstig begin lek. Colin en die Trust se bedryfsbestuurder skakel direk met die bestuur van *Lucky Star* en wag planne af vir regstellende optrede.

Lugkwaliteit: Data vanaf *Aeroqual* bevestig ons mening dat inwoners van Shelley Point, veral dié aan die oostelike kuslyn, erg onder ongewensde reuke deurloop. Ons glo dat daar verdere maatreëls is wat die visfabrieke kan tref om die situasie te verbeter. Ons sal dit verder opneem met *Lucky Star* en die owerhede. As julle verder in hierdie onderwerp belangstel, kyk na ons nuusbriewe van April 2018, Junie en November 2019, die webwerf van die St Helenabaai Waterkwaliteit Trust by www.swt.org.za en die 'State of the Bay'-verslag van *Anchor Environmental* by www.anchorenvironmental.co.za.

Boulders 140MW windplaas: Ten spyte van 'n hele aantal besware deur die publiek, het die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEADP) omgewingsgoedkeuring gegee vir hierdie tweede windplaas wat - nog nader – by Paternoster beplan word. By die laaste openbare vergadering is 'n eenparige mosie van wantroue teen die betrokke omgewingspraktisyn goedgekeur, maar dit is ook geïgnoreer. Sedertdien is nog verskeie formele besware ingedien by DEADP en ons wag nou op die uitkoms.

LEAPFROG PROPERTIES FOTO VAN DIE MAAND:

Ons maak hiermee graag die wenners bekend van die 2019 *Leapfrog Properties* Foto van die Jaar-kompetisie:

Eerste plek: R500 - Jennifer met haar foto *"Morning Charm"*

Tweede plek R250 – Ian met sy foto "Net nog 'n paar plaaslike inwoners"

Derde plek R150 – Daniel met sy foto "Sononder 2019"

Hierdie foto's het respektiewelik die hoogste, tweede hoogste en derde hoogste aantal stemme behaal uit al die stemme wat deur eienaars en inwoners uitgebring is. Soos beloof, was daar 'n trekkingsprys van R100 vir die deelnemers aan die stemming en dit is gewen deur Kerrie Beverley. Geluk aan al die wenners wat ons Landgoed so mooi laat vertoon! En verder ook ons hartlike dank aan Maurits Marnewick van *Leapfrog Properties* wat hierdie kompetisie so ruimhartig geborg het die laaste drie jaar. Dit is hoogs gewaardeer en het ons in staat gestel om die skoonheid van Shelley Point te vertoon, maar ook die talent en vaardigheid van ons fotograwe. Baie dankie, Maurits.

Al die stemme wat ontvang is, is op rekord en is beskikbaar vir inspeksie as iemand dit wil nagaan. Let ook op dat die personeel van *Leapfrog Properties* en *Shelley Point Nuus* geen inspraak gehad het in die uitslag van hierdie kompetisie nie – dit is in totaal gebaseer op die stemme wat van huiseienaars en inwoners ontvang is.

Terloops, beide die wenners van die eerste en tweede pryse – Jennifer en Ian – het R250 geskenk aan die Wilde Kattefonds wat gebruik word om te betaal vir die sterilisasie van ons rondloperkatte. Toe Maurits hiervan hoor, het hy dadelik gereageer deur te beloof om hierdie skenkings op 'n rand-vir-rand-basis te ewenaar. Danksy dus aan Jennifer, Ian en Maurits het ons Kattefonds, wat uitgeput was, skielik 'n saldo van R1 000 – genoeg om twee wyfiekatte of drie mannetjies te steriliseer! Baie dankie, julle almal!

En verder? Ons het, oor die laaste drie jaar, daarin geslaag om 'n ongelooflike versameling foto's te versamel wat van ons huiseienaars, hulle gesinne en gaste en besoekers ontvang is. Is daar nie dalk iemand met ondernemingsgees wat wil oorweeg om 'n aantal van die wenfoto's van die laaste drie jaar aan te wend vir 'n Shelley Point almanak, 'n koffietafelboekie, plekmatjies of iets van daardie aard nie? Dit kan gebruik word vir reklame vir jou besigheid of organisasie en kan verkoop word by die Sport- en Sosiale Klub en plaaslike ondernemings. Inkomste daaruit kan miskien aan 'n plaaslike liefdadigheidsinstelling geskenk word. Dink daaroor!

SPORT EN SOSIALE AANGELEENTHEDE:

'Sundowners'-byeenkoms: Moet asb. nie vergeet van hierdie maandelikse byeenkomste, wat op die laaste Vrydag van elke maand van 17:30 tot 19:00 gehou word. Sluit by ons aan vir vriendelike geselskap en afslagdrankies terwyl ons die pragtige sonsondergang saam waardeer. Hamburgers en worsrolletjies word ook te koop aangebied.

Gholf (Anne Ainsworth): Die gholfkomitee vir 2020/21 is op 31 Januarie gekies en sien soos volg daar uit: John Huxted (Kaptein), Anne Ainsworth (Onderkaptein), Hilton Sharp (Sekretaris) en Ben van der Merwe, Shayne Cranswick en Mike Steel (Addisionele lede).

Alle kompetisies is oop vir almal wat graag wil speel en besoekers is altyd baie welkom. Kompetisies word gehou op Maandae ('Stableford'), Woensdae ('Captain's Pick') en Saterdae (volgens skedule) en begin om 08:00. Die baanfooie verskyn op die kennisgewingbord, maar kan ook verkry word deur die gholfwinkel te skakel by 022 742 1037. Daar is 'n WhatsApp-groep gestig vir alle lede om die uitruil van inligting moontlik te maak en almal wat hieraan wil deelneem kan enigeen van die komiteelede skakel, wat graag sal help. Die doel van hierdie groep is om die komitee en staat te stel om beter met die lede te kan kommunikeer. Daarom, en om te verhoed dat selfone toegegooi word, is besluit dat slegs die komitee berigte mag pos. As lede inligting wil bekend maak, kan hulle enige komiteelid kontak.

Rolbal (Liz Roberts): Rolbal word by Shelley Point op 'n gemaklike en ontspanne manier benader. Ons speel op Dinsdae en Vrydae vanaf 09:00 in die somer en vanaf 10:00 in die wintermaande. Daar is 'n aantal lede wat gereeld speel, maar besoekers en gaste is altyd welkom om by ons aan te sluit. Wie weet – ons kan dalk nuwe spelers werf vir die sport! Ons is nie tans by Rolbal SA geaffilieer nie en speel dus nie nou teen ander spanne uit die omgewing nie. Maar dit beteken nie dat ons nie hulle spelers sal verwelkom as hulle by ons wil kom speel nie. Heelwat van ons lede reis gereeld en daarom pas hierdie reëling by ons omstandighede.

Ons beperk nie die tye wanneer daar gespeel kan word nie. Julle kan by ons aansluit en op Dinsdae en Vrydae speel (veral as julle pas na Shelley Point verhuis het en graag wil leer), maar julle kan enige tyd speel deur net by die gholfwinkel aan te teken en die gevraagde fooi te betaal. Indien julle toerusting benodig, sal die winkel se personeel graag help. Onthou net die plat skoene en dra gemaklike klere, 'n hoed en sonroom. Ons sien julle graag binnekort!

Brug (Terry Mackintosh): Na 'n baie geslaagde Kerstoernooi, waar ons spelers ontvang het vanuit die hele Weskus – Langebaan, Darling, Saldanha, Port Owen, Velddrif en St Helenabaai natuurlik, word die klub al meer gewild by talle spelers, selfs van so ver as Kaapstad. Ons kom elke Woensdagmiddag bymekaar in die konferensiekamer en alle spelers is welkom – van beginners tot bedrewe spelers. Sien die kontakbesonderhede op die laaste bladsy vir enige navrae of as julle meer inligting verlang.

Ander sport- en ontspanningsaktiwiteite: Die SPHEV Sport- en Sosiale Klub bied ook verdere aktiwiteite aan soos tennis, joga en Callanetika. Raadpleeg die laaste bladsy vir besonderhede van die onderskeie kapteins of organiseerders, of vra die personeel by die klubhuis.

Nuut! Beginnersklasse vir joga vir mans: As gevolg van die toenemende belangstelling en gewildheid van die jogaklasse vir dames, wil Derri nou klasse begin vir die mans. Dit sal op Maandagmiddae plaasvind by die klubhuis om 17:30. Vir navrae of meer inligting, skakel Derri by 083 303 1546.

Nuut! Kajakroei (Liz Roberts): Die Sport- en Sosiale Klub wil graag 'n groep byeenbring om op 'n gereëlde basis saam te gaan roei en het reeds verskeie organisasies gekontak om te probeer vasstel of hulle dalk hulp hiermee wil verleen. Voordat ons egter daarmee voortgaan, wil ons graag probeer vasstel hoeveel van ons lede in so iets sou belangstel, of selfs ook in die ander watersporte soos branderplanke, roeiplanke en vlieërplanke. 'n Sosiale mediaplatform sal begin word om vas te stel of daar genoeg belangstelling hiervoor is. Besonderhede daarvan sal daarna in hierdie nuusbrief verskyn – hou dus maar dop!

Insien daar ander belangstellings of geleenthede is waarvan julle dink dit ons gemeenskap kan bevoordeel, laat ons gerus weet. Ons wil graag van julle verneem. Wat van hengel? Of vlieërs? (ons kry sekerlik genoeg wind!) Kontak gerus vir Liz by chezroberts@mweb.co.za.

DIE LEWE IN SHELLEY POINT:

Reënval: Volgens Henri Roux, wat rekord hou van die reën, het ons 'n totaal van 16mm ontvang in die tydperk 15 November tot 14 Februarie. Vir dié van julle wat in die totaal vir die jaar belangstel, die totaal vir 2019 was 224,5mm.

'n Splinternuwe kunsgalery vir St Helenabaai:

Kunsliefhebbers word nou bederf want, op die kruin van die heuwel bokant ons dorp, het 'n nuwe kunsgalery, 'n welkome toevoeging tot ons groeiende kunsgemeenskap, geopen – die *Lazy Daisies kunsgalery* op dieselfde terrein as die *Lazy Daisies Selfsorgstudios*. Na die skouspelagtige rit teen die heuwel uit, kan besoekers verwag om aangenaam verras te word. Plaaslike kunstenaar Mandi Knee het 'n ware towerland daar geskep – groot uitbundige landskappe, hiper-realistiese portrette en hipnotiserende oë, wat jou bly dophou. 'n Verdere toevoeging is innoverende kunsobjekte van Danie Potgieter.

Hoewel Mandi spesialiseer in portretkuns, het sy ook 'n verskeidenheid van wildstudies voltooi. Julle sal ook Mandi se inskrywing vir die 2019 Sanlam Portretprys-kompetisie, *Fiets te Koop,* kan aanskou, wat in die beste 275 geplaas is.

Die eienaars van *Lazy Daisy,* Mandi en Graham Knee, het vier jaar gelede aan die Weskus kom vestig na Graham 'n massiewe breinaneurisme oorleef het. Na 'n besluit dat die lewe te kort is om jou drome uit te stel, het hulle op 'n kleinhoewe in St Helenabaai kom vestig, waar Mandi kon konsentreer daarop om haar portretskilderye, wat van oraloor opgedra is, te voltooi.

Besoek dus gerus die *Lazy Daisy Kunsgalery* waar jy vriendelik ontvang sal word en die geleentheid sal kry om Mandi se pragtige werk te bewonder. Vir meer inligting kan julle Mandi kontak by 082 331 1384 of lazydaisy@mylan.com.

Seuns en hul speelgoed

Daar is 'n ou gesegde wat lui dat mans nooit volwasse word nie, maar dat hulle speelgoed net groter word. Dis nogal baie waar van vier van ons inwoners, in hierdie foto, en hulle klasieke motors.

Johnny Sloane met sy 1958 rooi Karmann Ghia (LHS)
George Wadge met sy 1970 mosterdkleurige MGB GT
Ian Mackintosh met sy 1981 geel MGB Roadster
Chris Roberts met sy 1975 rooi Mini Moke (LHS)

Die Mini Moke het maar sopas op ons paaie begin verskyn, nadat dit agtien maande gelede op 'n sleepwa hier aangekom het, sonder sitplekke en baie ander onderdele, geroes, toe onder Limpopo se modder en met maar min dele in 'n nog werkende toestand. Chris en George het oor die laaste anderhalf jaar daarin geslaag om nuwe lewe in haar te blaas en haar meganies so herstel dat selfs 'n padwaardigheidsertifikaat verkry kon word.

Daar is 'n gerug dat nog 'n baie skaars Amerikaanse klassieke motor binnekort by ons gaan aansluit en ons hoop om dan 'n opvolgartikel daaroor te kan plaas.

Skeepswrakke van die Agterbaai (Billy Steenkamp)

Die kus vanaf ongeveer Laingville tot by Duykereiland was vroeër bekend as die Agterbaai. Hierdie kuslyn word gekenmerk deur baie aantreklike klein baaitjies, party met pragtige noordelike strande, wat geskei word deur rotsagtige skiereilande en gevaarlike blinde rotse wat tot diep die see in strek. Hierdie baaie het almal name en is in die verlede verskeie kere hernoem deur die setlaars van die laaste 500 jaar. So is daar Britanniabaai, Perlemoenbaai, Kaloeniebaai en baie meer.

Hierdie rowwe kus het die einde van 'n hele aantal skepe beleef wat veroorsaak is deur faktore wat wissel van swak weersomstandighede tot dronk kapteins. Baie van hierdie wrakke se verhale is baie bekend – soos van die *Britannia* (1826) en die *Sea Trader* (1976) – en was onderworpe aan talle bergingspogings in die laaste eeu. Behalwe die *Sea Trader* lê al hierdie wrakke onder water en is die presiese ligging nie aan die publiek bekend nie, omdat die bergingspanne, skuba-duikers en pylvissers dit geheim hou.

In die laaste ses jaar het ons 'n poging aangewend om hierdie wrakke te herontdek en om, met behulp van geofisiese tegnologie, onbekende wrakke op te spoor. Ons het dit baie geniet, veral as ons kon duik om 'n wrak te bevestig. Ons het daardeur sewe wrakke herontdek en minstens vier nuwe wrakke ontdek. Ons is veral ook bly dat sommige van die wrakke in vlak, veilige water lê en ook deur onervare duikers verken kan word. Die opspoor van onbekende wrakke behels heelwat navorsing oor die volksverhale uit die omgewing en interessante bespreking van onderwerpe wat voel soos skattejag. Ons het byvoorbeeld onlangs op 'n kaart van St Helenabaai uit 1792 afgekom wat verwys na 'n Amerikaanse skip wat 'twee en 'n half jaar tevore' in Perlemoenbaai gestrand het. Kan ons dit dalk vind?

Toekomstige nuusbriewe sal waarskynlik kort artikels bevat wat sommige van hierdie wrakke sal bespreek en die verhale daaroor met die lesers sal deel.

Duik by die wrak van die *Sea Trader*

Die wilde-kat-projek: (Terry Mackintosh):

Soos drie jaar gelede voorspel, het ons nou te doen met die ernstige probleem van ‘n groot aantal ongesteriliseerde katte wat op ons landgoed rondswerf. Ek was nogal verbaas toe hierdie saak onlangs aangeroer is in een van ons Shelley Point WhatsApp-groepe, waar heelwat mense voorgestel het dat iets moet gedoen word en ‘n aksieplan opgestel word om die probleem op te los.

Drie jaar gelede het ek presies dit probeer regkry. Ek het plaaslike owerhede genader en is meegedeel dat vang, steriliseer en loslaat, die enigste manier om die probleem op te los. Die doodmaak van rondloperkatte is nie net onwettig nie, maar dra ook nie by om die probleem op te los nie. Katte wat ‘n gebied verlaat, laat ‘n gaping wat maar weer deur ander katte uit omliggende areas ingeneem word. Ons het dus, met hulp van Nikki Bauer van die DBV, aanmerklik verlaagde voorkeurtariewe beding by Wesland Dierehospitaal vir die sterilisering van die rondloperkatte van Shelley Point. Ek het ook herhaalde kere donasies versoek van die eienaars en inwoners maar, met enkele uitsonderings, het daar nie veel van gekom nie. Ek het verder die aankoop van ‘n duur katte vanghok georganiseer en huiseienaars versoek om verantwoordelikheid te neem vir slegs EEN kat uit hulle omgewing. Ek het gereken dat, as elke huiseienaar reël dat ‘n kat gevang, na die dierehospitaal vervoer word, die sterilisasie betaal en dit weer in die omgewing losgelaat word, die probleem grootliks opgelos sou word omdat dit sou beteken dat die aantal klein katjies drasties sou verminder. Weereens, met die uitsondering van enkeles, was daar geen reaksie. Ons het dus nou te doen met ‘n groot probleem met al meer wilde katte en mense wat nou optrede eis!

Ons het egter nou onlangs, met die hulp van ‘n handjievol toegewyde huiseienaars, begin vordering maak. Inwoners van die gebied van 1ste na 6de Strate, soos Estelle Coetzee en die Karpul-gesin, was veral baie aktief om die volwasse katte te laat steriliseer en tuistes te vind vir die klein katjies. Nico en Karien Kemp van 13de Straat was ook baie aktief en het die vang/sterilisasie/loslaat vir verskeie katte hanteer. En Rika en Henry Edmunds het verantwoording geneem vir nie minder nie as 16 katte. Hulle het, saam met ‘n paar ander eienaars, persoonlik en uit eie sakke hiervoor betaal!

Asseblief tog, huiseienaars en inwoners, ons doen weereens ‘n ernstige beroep op julle om hiermee te help – óf deur in te willig om katte te help vang en te vervoer na Wesland, óf met finansiële bystand met die koste van sterilisasie (donasies kan by Lindy in die kantoor afgedra word). Doen julle deel vir ons landgoed deur verantwoordelikheid te neem vir slegs EEN kat!

SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	**Naam**	**e-pos**	**Telefoon**
Landgoedbestuurder	Norman Cowen	manager@sphoa.co.za	082 784 2920
Administrateur	Lindy Cowen	admin@sphoa.co.za	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	daniel.plaatjies@excellerate.co.za	071 312 8861
Excellerate Kontrolekamer	Beheerbeamptes	Nvt	022 742 1380 022 742 1888 066 359 4273
Gholfwinkel / Klubhuis	Gerilda Arendse	shelleypcc@gmail.com	022 742 1037
Gholfkaptein	John Huxted	john.huxted1@btinternet.com	063 762 8034
Rolbalkaptein	Liz Roberts	chezroberts@mweb.co.za	083 327 4349
Tenniskaptein			
Brugkaptein	Terry Mackintosh	didge28@gmail.com	076 600 4641
Joga	Derri Crockett	derri@sailing.co.za	083 3031546
Gemeenskaps- kennisgewingbord	Chris Roberts	chezroberts@mweb.co.za	076 783 2035
SA Polisiediens	St Helenabaai		022 736 8060
SA Polisiediens	Landswyd		10111
Ambulans			10177
Selfoon nooddiens			112

WHATSAPP-GROEPE			
Posisie	**Administrateur**		**Telefoon**
Shelley Point Info	Karen Crooks Karin Board		082 823 0919 082 215 8423
Shelley Point Social Mob	Pieter Swanepoel Charmaine Swanepoel		079 607 2127 082 896 5491